higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE ENTREPRENEURSKAP N4

(4090294)

7 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

186Q1B2007

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE ENTREPRENEURSKAP N4
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord slegs VIER vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ‘n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

Lewer 'n persoonlike aanslag

Die afgelope paar jaar het bakkies met die logo van die The Courier Guy 'n algemene gesig op die strate van Johannesburg geword. Die handelsmerk het onlangs uitgebrei na Durban en Kaapstad, en die konsessie beoog om 'n sterk nasionale vastrapplek te bekom.

Toe Gleisner in sy laat 30s was, was hy reeds 15 jaar in die voedselkonsessiebedryf in verskillende bestuursrolle en hy het nie veel gehad om daarvoor te wys nie. Die idee om die res van sy lewe vir iemand anders te werk, het gou tot ontnugtering gelei, en teen die middel van die 1990s, toe hy besef dat hy niks anders as die restaurantbedryf ken nie, het Gleisner besluit om alles te verkoop, 'n motorfiets te koop en Mosambiek toe te gaan. 'Ek het R2 000 in my sak gehad en geen idee wat ek met my lewe wou doen nie, maar ek was vasbeslote om aan iets te dink.'

Gleisner het reeds uit sy pos bedank, alles verkoop en 'n motorfiets gekoop en het op sy visum gewag. Sy niggie, wat van sy omstandighede bewus was, het hom 'n guns gevra. 'My niggie se onderneming was korporatiewe geskenke. Sy het my gebel en gevra om 'n monster by die drukkers te gaan aflaai, omdat haar koerierdiens haar in die steek gelaat het. Ek het gesê ek help graag en het op my motorfiets gespring.'

Toe hy daar aankom, het die persoon by die drukkers hom gevra, 'Is jy die koerierman?' Gleisner het besluit dit was makliker om eenvoudig 'ja' te sê eerder as om die hele storie te verduidelik. 'Dit het toe geblyk dat die persoon by die drukkers ook iemand nodig gehad het om vir hom 'n guns te doen. Hy het 'n pakkie gehad wat in Sandton moes kom en hy het gevra hoeveel ek hom sal vra. Ek het geen idee gehad wat die huidige tarief was nie. Ek het gesê R20, wat genoeg was om die aflewerings-koste vir sy pakkie te dek. Dit blyk toe dat R20 baie goedkoop was.'

'Aanvanklik het ek net my motorfiets en die R2 000 gehad wat ek vir Mosambiek gespaar het. My eerste kliënte was my niggie en haar kliënte, en almal wat mondelings van my gehoor het. My kliënte het my by hul vriende en ander ondernemings aanbeveel en baie gou was ek besig. Om die waarheid te sê, ek moes my motorfiets vir 'n bakkie inruil.' Dit het alles binne vier maande gebeur en my onderneming het selfs meer gegroei. 'Ek het die waarde van uitstekende diens en 'n persoonlike aanslag gedurende my dae in die kitskoskonsessiebedryf geleer.'

'Ek het die koerierbedryf van 'n gesig voorsien wat my kliënte nie voorheen ondervind het nie.'

[Bron: *Entrepreneur: Be Your Own Boss Magazine*]

1.1 Gleisner speel 'n belangrike rol in die ekonomie van ons land.

Noem VIER redes om hierdie stelling te motiveer. (4)

1.2 Is Gleisner 'n entrepreneur of 'n intrapreneur? Motiveer jou antwoord. (2)

1.3 Gee VIER redes waarom jy dink Gleisner sy eie onderneming begin het. (4)

1.4 Noem VYF basiese bestuursfunksies wat Gleisner moet verrig om suksesvol in sy eie onderneming te wees. (5)

1.5 Noem minstens VYF funksies van 'n sake-onderneming. (5)

1.6 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.6.1–1.6.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.6.1 Kreatiwiteit is slegs van toepassing wanneer jy jou eie onderneming begin.

1.6.2 'n Eienaar se aandelekapitaal/ekwiteit verwys na bedrae wat die eienaar in die onderneming belê.

1.6.3 Die aankoopfunksie handel oor die werwing van personeel.

1.6.4 Vaste kapitaal moet binne 12 maande terugbetaal word.

1.6.5 Privaat maatskappye adverteer gewoonlik hul aandele in nasionale koerante en handelstydskrifte.

(5 × 1) (5)

[25]

EN/OF

VRAAG 2

2.1 Verduidelik die belang van 'n besigheidsplan vir Gleisner se onderneming. (5)

2.2 Noem enige VIER faktore wat Gleisner moet oorweeg wanneer hy 'n plek vir sy onderneming bepaal. (4)

2.3 Bereken die volgende:

2.3.1 20% van R10 miljoen (2)

2.3.2 2/5 van R35 200 (1)

2.3.3 Gleisner leen R60 000 by 'n bank om 'n bakkie te koop teen 'n koers van 20% eenvoudige rente per jaar vir vyf jaar.

Bereken die rente wat hy aan die bank sal betaal.

FORMULE: $R = \frac{P \times r \times t}{100}$

Toon al die berekeninge. (4)

2.4 Gleisner bestuur sy onderneming as 'n beslote korporasie (BK).

Noem VYF eienskappe van hierdie vorm van eiendomsreg. (5)

2.5 Gleisner bestuur sy onderneming in 'n vryemarkstelsel.

Noem VIER eienskappe van 'n vryemarkstelsel. (4)
[25]

EN/OF

VRAAG 3

3.1 Identifiseer DRIE hulpbronne wat Gleisner by sy persoonlike hulpbron-ontleding moet insluit. (3)

3.2 Wat is die standaardkoers van Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)? (1)

3.3 Beskryf VYF verskillende faktore wat Gleisner moet oorweeg wanneer hy oor 'n verskaffer moet besluit. (5)

3.4 Gleisner moet sy bemarkingsmengsel saamstel. Watter elemente sal hy by hierdie beskrywing insluit? (5)

3.5 Gleisner vra R20 om die pakkies af te lewer. Die prys sal binne 'n maand met 25% styg. Bereken die nuwe prys. (3)

3.6 Gleisner se assistent verdien R450 per week. Bereken die bedrag geld wat hy per maand verdien. (2)

3.7 Definieer elkeen van die volgende terme:

3.7.1 Verhouding van verkope tot voorraad (4)

3.7.2 Oortrokke bankrekening (2)
[25]

EN/OF

VRAAG 4

4.1 Verduidelik VYF voordele van optimale voorraadbestuur. (5)

4.2 Noem minstens TWEE mededingende voordele wat Gleisner het wat sy onderneming suksesvol maak. (2)

4.3 Gleisner moet bankfasiliteite gebruik om sy geld in die onderneming te bestuur.

Noem minstens VYF tipe bankfasiliteite wat hy kan gebruik. (5)

Kopiereg voorbehou

4.4 Noem TWEE tipe risiko's wat Gleisner in die sakewêreld kan teëkom. (2)

4.5 Japie, 'n assistent in die onderneming, wil vanaf 20 Junie 2018 tot 20 Oktober 2018 met vakansie gaan.

Bereken die aantal dae wat hy met verlof sal wees. (5)

4.6 Bykans 2 000 kliënte maak gebruik van die koerierdiensonderneming. Hul gemiddelde inkomste beloop R1 500. 'n Kliënt bestee gemiddeld 25% van sy of haar inkomste aan koerierdienste. Gleisner is daarvan oortuig dat hy 'n markaandeel van 10% sal lok, aangesien daar ander koerierondernemings in die gebied is.

Bereken die potensiële randwaarde van sy markaandeel. Toon al die berekeninge. (6)

[25]

EN/OF

VRAAG 5

5.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A-F) langs die vraagnommer (5.1.1-5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1.1	Tipe eiendomsreg met 'n maksimum van 50 aandeelhouers	A	bankstaat
		B	privaat maatskappye
5.1.2	Verbruikers beweeg van landelike gebiede na die stad	C	sekondêre bedrywe
5.1.3	Geprosesseerde voedsel, meubels en klerasie	D	verstedeliking
		E	sakesiklus
5.1.4	Proses verwys na die vloei van kapitaal en geld in 'n sake-onderneming	F	teikenmark
5.1.5	Opsomming van alle banktransaksies wat op die huidige rekening van 'n entrepreneur oor 'n gegewe tydperk plaasgevind het		

(5 × 1) (5)

5.2 Noem VIER verskillende bronne van bedryfskapitaal. (4)

5.3 Gleisner se netto wins het in 2018 met 10% toegeneem, terwyl sy netto wins vir 2017 R15 000 was. Bereken sy netto wins vir 2018. (3)

5.4 Beskryf die inhoud van die bemarkingsplan vir Gleisner se onderneming. (6)

5.5 Noem DRIE teikenmarkte wat Gleisner sal bedien. (3)

5.6 Gleisner adverteer sy koerierdiensonderneming in die plaaslike koerant.

Hoe kan hy die 'AIDA'-formule tot sy voordeel gebruik? (4)
[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou